
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

VRY GEKOOP



Net voordat Jesus opgevaar het na Sy Vader in die Hemel, het Hy in Mark. 16:15 gesê: **"Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom".**

"Wat is die Evangelie? "Dit is die goeie nuus wat Jesus vir ons gedoen het, toe Hy aan die kruis gesterf het. Hy het die straf betaal vir ons sondes en ons vrymaking moontlik gemaak wat die gevolge van daardie sondes was.

"Hoe het Hy dit gedoen?" is dalk jou vraag. Om dit ten volle te verstaan, moet ons terug gaan na die begin. Volgens God se Woord in Genesis, het Hy die mens volmaak geskape, sondeloos, sonder kwale of enige ander bose dinge, maar Adam en Eva het teen God gesondig. Hulle was ongehoorsaam, deurdat hulle Sy opdrag oortree het in die tuin van Eden, waar hulle gewoon het. DEUR HUL EIE KEUSE VAN ONGEHOORSAAMHEID is hulle van God geskei, nieteenstaande God se duidelike waarskuwing, en het Geestelik gesterf. Hulle was nou direk onder die invloed van die vyand, Satan en het sy slagoffers van sonde en die gevolge daarvan geword.

Baie geslagte het gelewe en gesterwe in gebondenheid aan sonde en siekte. In Sy oneindige liefde het God neer gekyk op Sy lydende skepsels en in genade het Hy Sy eniggebore Seun na die wêreld gestuur, as Sy plan vir die redding van die mens. 'n Redding wat die mens uit die haglike, vernederende toestand, waarin hy deur ongehoorsaamheid beland het, te verlos en sy verhouding met God te herstel. God het Jesus gestuur om 'n grusame dood te sterf, om ons van ons sonde te verlos en genesing moontlik te maak. Jesus het die straf van die dood, wat ons as gevolg van ons sondes verdien het, gedra en Hy het dit deur middel van Sy vrywillige kruisdood gedoen. Ek en jy het, met ander woorde, God se wet verbreek deur ongehoorsaamheid en behoort gevolglik daarvoor gestraf te word. Ons lees in Rom. 5:19: **Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens** (Adam) **baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Een** (Jesus) **baie tot regverdiges gestel word.** Daardie straf is die ewige dood in die helse vuur, volgens God se Woord en as gevolg van ons sonde verdien ons daardie straf! Daar staan geskryf **"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."** Rom. 6:23.

"...en die bloed van Jesus Christus sy Seun, reinig ons van alle sonde."
1 Joh. 1:7

Die Bybel vertel ons dat **"almal gesondig het en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God". Rom. 3:23.**

God se liefde is egter so groot, dat Hy nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie, maar dat almal die ewige lewe moet hê.

DIT IS AS GEVOLG VAN SY GROOT LIEFDE, DAT HY SY SEUN JESUS GESTUUR HET om in ons plek te sterf, om ons sonde op Hom te neem en die uiterste prys, wat Hy alleen kon betaal as die sondelose, vlekkelose Lam – 'n lewende offer met die vergieting van Sy kosbare Bloed as 'n versoening vir elkeen van ons, indiwidueel, se sonde.

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - VRY GEKOOP)

Hy is gekruisig sodat ons die ewigheid in die hemel kan deurbring. Hy het ons sonde op Hom geneem sodat ons geregtig in Sy geregtigheid kan wees. Hy het ons plek ingeneem in die dood, sodat ons Sy Ewige Lewe kan hê!

Die Bybel vertel ons dat SY BLOED GESTORT WAS OM ONS VRY TE KOOP VAN ONS SONDE. Ons lees in 1 Joh. 1:7 **"…en die bloed van Jesus Christus sy Seun, reinig ons van alle sonde."** Die Bloed van God se Pasga Lam. Die Woord van God verklaar in Heb. 9:22: **En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.**

Hy het die vyand se mag oor ons gebreek, oor hom getriomfeer en in die openbaar ten toon gestel aan die kruis (Kol. 2:15) Hy het ook ons siektes en krankhede geneem (Matt. 8:17) Jesus, 'n lewende offer, wat die afgryslikste dood, onbeskryflik aaklig, gesterf het, om vir die sondes en siektes van ons elkeen te betaal en om Satan se houvas te breek.. Kru ons boek "Nagmaal en Genesing")

Hy het aan die kruis uitgeroep "Dit is volbring" – wat verwys na Sy sending na hierdie wêreld, om die mens en God weereens te versoen en gemeenskap tussen die mens en ons Hemelse Vader te herstel is volbring. Dit is voleindig. Niks kan daarby gevoeg word nie en niks kan weggeneem word nie. Alleenlik Jesus, die vlekkelose, geofferde Lam kon die prys betaal – EN HY HET DIT GEDOEN! Hy het aan al die wettiese vereistes volgens God se Woord voldoen. Dit hang van ons af; sal ons dit glo en hierdie groot werk van redding en verlossing, deur Jesus, uit die Hand van God, aanneem? Dit is 'n geskenk van God aan jou en my – ons moet dit net glo en deur geloof ontvang en dan handel in geloof.

Onthou elkeen van ons het gesondig en het 'n Verlosser nodig. Die Blye Boodskap vertel ons dat Jesus die enigste Verlosser van die mens kon wees. Hy alleen was sondeloos. Hy alleen kon die ewige prys betaal.. Hy alleen was volkome God - God wat vlees geword het (Joh. 1) en volkome mens. Hy alleen kon tussen God en die mens staan om hulle weereens deur Sy dood, te versoen. Hy alleen kon die middelaar tussen God en mens wees omdat hy albei was! Nou stuur Hy Sy dissipels, boodskappers van hierdie Goeie Nuus dwarsoor die wêreld, om die Goeie Nuus te verkondig en elkeen wat hierdie wonderlike boodskap glo en daarop reageer IS VRY, word WEDERGEBORE!

Toe Petrus hierdie boodskap gepreek het in Hand. 2:38 het die mense uitgeroep. **"Wat moet ons doen?** En **Petrus het vir hulle gesê: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.** (Hierdie was besnyde Jode.)

Bekeer beteken om jou rug te draai op jou ou lewenswyse en uit te reik na Vader God en te Bely dat jy 'n sondaar is wat verlossing nodig het. Glo aan Jesus se volmaakte werk aan die kruis en neem Hom aan as jou persoonlike Verlosser en Geneesheer. Die Woord van God sê dat daar net een middelaar tussen God en die mens is, en dit is die mens Christus Jesus – 1 Tim. 2:5: **"Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus."**

Jesus se boodskap lui "**Wees bly! Jy hoef nie meer vir jou sondes te sterf nie. Jy hoef nie meer te ly nie. Ek het die prys betaal. My Bloed is gestort vir die vergifnis van jou sonde. My Liggaam is vir jou gebreek en deur My Wonde is jy genees!" (1 Pet. 2:24)**

"Wees bly! Jy hoef nie meer vir jou sondes te sterf nie. Jy hoef nie meer te ly nie. Ek het die prys betaal. My Bloed is gestort vir die vergifnis van jou sonde. My Liggaam is vir jou gebreek en deur My Wonde is jy genees!" (1 Pet. 2:24)

Dit is die Goeie Nuus vir elke sondaar- Jesus Christus het jou sonde gedra, sodat jy dit nie self hoef te dra nie. Dit is wat wedergeboorte beteken en daardeur die ewige lewe te beërwe. Wanneer ons Jesus Christus as ons Here en Verlosser aanneem, word ons gees opgewek, verlewendig deur die Gees van God en is dit moontlik om met God te kommunikeer, want God is Gees.

Die Bybel verklaar: **"Die Evangelie is die krag van God tot Redding vir elkeen wat glo"** (Rom. 1:16).

GLO dat Jesus vir jou gesterf het! Dat Sy Bloed gevloei het vir die afwassing van jou sondes.

Ons bring dit in herinnering, wanneer ons die "beker" by die Nagmaaltafel neem. Die "beker" is simbolies van die Bloed van Jesus. GLO dat Sy Liggaam gebreek is sodat jou siekte genees kan word.

Ons bring dit in herinnering wanneer ons die brood by die Nagmaal tafel neem. Die brood is simbolies van die Liggaam van Christus.

*(Vervolg op **Bl.** 4)*



PASSOVER

When I see the Blood, I will pass over you (Ex. 12:13)

Passover falls on the 6th April this year and Jesus was crucified at Passover over 2000 years ago. He is God's Passover Lamb. In fact He was crucified on the exact day, at the exact time and place, as the Passover lambs were being sacrificed at the Temple in Jerusalem. Our God is a God of perfect detail. The Blood of Jesus (who became a living sacrifice), atoned for your sin and mine, and made it possible for us to be forgiven and reconciled to Father God.

I recently read a beautiful account of a Jewish man in the year 1898 who was searching for the truth according to his Jewish belief and customs, and I want to share it with you.

This man attending a Bible Study with his Jewish friends in an attempt to find answers to his quest for truth, said to them: "This week is the celebration of Passover among you my friends, and as I sat here I was thinking how you would be observing it. You will have put away all leaven from your houses; you will eat the matzot (unleavened wafers), and the roasted lamb. You will attend the synagogue services, and carry out the ritual and directions of the Talmud."

"But you forget that you have everything but that which the Lord required of us all. He did not say, 'When I see the leaven put away, or the matzot, or the lamb, or your going to the synagogue….' But His Word was, **'When I see the blood, I will pass over you'** (Exodus 12:13). Ah, my friends, you can substitute nothing for this. You must have blood – BLOOD!"

As he reiterated this word 'blood' with great emphasis, his eyes flashed warningly and his hearers quailed before him. "Blood – it is an awful word for one who reveres the ancient Scriptures and yet has no sacrifice. Turn where you will in the Book, and the blood meets you. But seek as you may, you cannot find blood in the Judaism of the present day."

After a moment's pause the patriarchal old man went on: "I was born in the Holy Land nearly seventy years ago. As a child I was taught to read the Law and the Psalms and the Prophets. I early attended the synagogue, and learned Hebrew from the rabbis.

"At first I believed what I was told, that ours was the true and only religion. But as I grew older and studied the Law more intently I was struck by the place the blood had in all the ceremonies outlined there, and equally struck by it's utter absence in the ritual to which I was brought up.

"Again and again I read Exodus 12 and Leviticus 16 and 17, and the latter chapters especially made me tremble as I thought of the great Day of Atonement and the place the blood had there. Day and night one verse would ring in my ears: **"It is the blood that makes atonement for the soul"** Leviticus 17:11.

"God had instructed Moses to proclaim to Aaron, his sons, as well as to the children of Israel: **'For the life of the flesh is in the blood, and I have given it to you upon the altar to make atonement for your souls; for it is the blood that makes atonement for the soul.'**

"I knew that I had broken the Law. I knew that I needed atonement. Year after year on that day I beat my breast as I confessed my need of it. But it was to be made by blood, and there was no blood!

"In my distress I at last opened my heart to a learned and venerable rabbi, who told me that God was angry with His people; Jerusalem was in the hands of the Gentiles; the Temple was destroyed; a Mohammedan mosque was reared in its place. So the only spot on earth where we dare shed the blood of sacrifice, in accordance with Deuteronomy 12 and Leviticus 17, was now desecrated and the nation scattered.

"That was why there was no blood. God had Himself closed the way to carry out the solemn service of the great Day of Atonement. Now we must turn to the Talmud and rest on it's instruction, and trust in God and the merits of the fathers."

"I tried to be satisfied but could not. Something seemed to say that the Law was unaltered even though our Temple was destroyed. Nothing else but blood could atone for the soul. We dared not shed blood for atonement elsewhere but in the place the Lord had chosen. So were left without atonement at all!

"This thought filled me with horror. In my distress I consulted many other rabbis. I had but one great question – where can I find the blood of atonement?"

"I was over thirty years of age when I left the Holy Land and came to Constantinople with my still unanswered question ever be-

(Continued on page 4)

(Continued from page 3)

fore my mind, and my soul exceedingly troubled about my sins. One night I was walking down one of the narrow streets of the city when I saw a sign telling of a meeting for Jewish people.

"Curiosity led me to open the door and go in. Just as I took a seat I heard a man say, **'The blood of Jesus the Messiah, His Son, cleanses us from all sin.'** It was my first introduction to the message of salvation, but I listened breathlessly as the speaker told how God had declared that **'without shedding of blood there is no remission'** (Letter to the Hebrews 9:22)

'The blood of Jesus the Messiah, His Son, cleanses us from all sin.'

"He told how that God had given His only begotten Son, the Lamb of God, to die, and that all who trusted in His blood and confessed their sins were forgiven all their iniquities. This was the Messiah of Isaiah chapter 53; this was the Sufferer of Psalm 22.1 had found the blood of atonement at last!"

"I trusted it, and now I love to read the Bible and find in the New Testament how all the shadows of the Law are fulfilled in Jesus. It is His blood that has been shed for sinners. This has satisfied a holy God, and it is the only means of salvation for either Jew or Gentile.

"I had found the blood of atonement: **'Behold! The Lamb of God who takes away the sin of the world!'** (John 1:29). His blood I have found to be efficacious for me personally, even to nearly forty years later." F

(vervolg vanaf Bl. 2 - VRY GEKOOP)

Jesus het die nagmaal ingestel toe Hy en Sy dissipels die pasga gehou het net voor Hy gekruisig is.

En die dag van die ongesuurde brode het gekom waarop die pasga geslag moes word (Luk. 22:7)

Wat is die pasga? Die eerste Pasga het plaasgevind met die bevryding van God se uitverkore volk, die Hebreërs uit Egipte en slawerny.

Kom ons lees Ex. 12:3: **Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin**.

Hierdie lam is geslag, voorberei en geëet. Dit moes volmaak, sonder enige gebrek, wees. In die nuwe Nuwe Testament het Jesus Christus, vlekkeloos en sondeloos, die Paas Lam geword en ons eet nog steeds van Sy vlees (simbolies) elke keer wanneer ons die nagmaal gebruik.

Ex. 12:7: **En hulle moet die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte, en aan die bodrumpel aan die huise waarin hulle dit eet**.

Die Bloed van Jesus red ons van die Ewige Dood.

En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet … saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet (vers 8)

Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien sal Ek by julle huise verby gaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie (vers 13)



En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot die eer van die Here vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier (vers 14)

Die pasga is deur God ingestel en Israel het dit vir die eerste keer, op die vooraand van hul vertrek uit Egipte, die land van slawerny, gebruik. Hulle is beveel om dit een maal 'n jaar te vier en daarmee aan te hou, en dit is presies wat die ortodokse Jode steeds doen. Hulle herdenk elke jaar die wonderlike verlossing wat God vir hulle bewerk het. Hulle vier hul vryheid van dwangarbeid en gevangenisskap.

Die Pasga is bedoel om na die koms van die Here Jesus te wys, wat DIE Paaslam sou wees, wat vir die sondes van die wêreld gedood sou word. Deur aan die Heilige Nagmaal deel te neem, sien ons Jesus Christus as die vlekkelose Pasga Lam, wat eens en vir altyd gedood is, om ons van Satan se slawerny en die ewige dood te bevry. Pasga word een keer elke jaar deur die Jode gevier, wat hulle terug laat dink aan hoedat God hulle uit gebondenheid aan Farao verlos het en Hy hulle uit Egipte, die plek van slawerny, geneem het. Ons, as gelowiges, vier ons verlossing uit die mag van Satan, toe God ons uit die Koninkryk van die duister na die Koninkryk van die Lig gebring het. Ons doen dit dikwels, nie net eenmaal `n jaar nie! Deur ons geloof in Jesus, kan ons elke dag die verlossing van sonde vier. Elke dag is `n dag van redding vir diegene wat glo. Wanneer ons die Nagmaal gebruik, vier ons ons vryheid van die duiwel se slawerny en van die wêreld se stelsel, en ons kan daagliks deel hê aan Sy Liggaam (die brood) en Sy Bloed (die wyn).

Elke dag is die dag van Verlossing, ons Pasga, elke dag is 'n dag om hierdie groot gebeurtenis te vier, die grootste gebeurtenis van alle tye! Die hoogtepunt van beide die Ou en Nuwe Testamente! D



uit dr. james se kan-

Ons as gelowiges, is nie in die duister aangaande die feit dat ons in die laaste dae van die eind tyd leef nie, soos in die Bybel voorspel is! Ons kan net rondom ons kyk om die tekens van die laaste dae van die eindtye, volgens God se profetiese Woord, te sien! Om die dringendheid van die tye te herken, is een ding, maar vir ons om te weet, wat om met hierdie inligting te doen en hoe om daarop en daarvolgens te reageer, is `n ander saak!

Ek glo dat daar vier sake is wat as die belangrikste eind tyd prioriteite beskou kan word, en ek wil dit net kortliks noem.

Prioriteit nommer een, is Jesus se bevel aan Sy dissipels – Sy laaste woorde vootdat Hy opgevaar het na die regterhand van Sy Vader iin **Mark. 16:15-16: En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.**

Ons behoort na die verlorenes uit te reik soos nooit tevore nie. Die tyd is kort, en enigeen wat nog nie Jesus as hul persoonlike Verlosser aangeneem het nie, gaan `n aaklige ewigheid tegemoed. Laat hierdie ons eerste prioriteit wees. Bid vir die verlorenes, julle verlore familie, vriende, bure ens. Reik uit na hulle met die Evangelie in woord en daad. Gee aan hulle `n boek, wat vir hulle van die Here vertel. Reik na hulle uit met die Goeie Nuus dat Jesus red, genees, verlos en in hul behoeftes sal voorsien. Die Bybel vertel in **Rom 11:25: Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het.** Daar is `n bepaalde tyd in God se plan waartydens die heidene (nie Jode) God se plan van verlossing in Jesus kan ontvang. Dan sal Hy die Jode se oë open en hul harte versag en hulle sal Jesus as hul Messias ontvang. (Lees die hele hoofstuk van Romeine 11).

Hierdie bring ons dan by die tweede prioriteit. Ons moet vir God se land Israel bid, en vir die Joodse volk. God belowe om diegene te seën wat vir Israel seën en die nasies te oordeel wat teen Israel is. Die Bybel vertel aan ons dat ons, as heidene, vèr van God af was, sonder hoop, omdat God met die Jode Sy verbonde gemaak het, aan hulle is die Woord van God deur die profete en uitverkore mans in die Ou Testament, gegee. Jesus die Messias is `n Jood. Ons is baie dank verskuldig, aan die Joodse volk. Ons lees in Ef. 2:12: **Dat julle in diè tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.** As ons deur God geseën wil wees, moet ons die land Israel en volk seën, bid vir die vrede van Jerusalem en moet nooit vergeet dat as heidense gelowiges in die Joodse Messias, Jesus Christus, ons wortels Hebreeus is.

`n Derde prioriteit is die gelykenis wat deur Jesus in Mat. Hoofstuk 25 vanaf vers 31 – 46 vertel is. Dit handel oor die hongeriges, naaktes en siekes. Dit is interessant om daarop te let dat Jesus hierdie gelykenis vertel het net voordat Hy verraai en gekruisig is. Dit beklemtoon beslis die belangrikheid van diè gelykenis. Regdeur die Bybel bewys ons Hemelse Vader Sy besorgdheid vir die weduwee, die wees en die vreemdeling. Hy is `n genadige God en verwag van Sy kinders om dieselfde genade en meegevoel te betoon, asook om te gee, netsoos Hy maak. Jakobus stel dit as volg in Jak.2 verse 15-16: **As daar nou `n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie – wat baat dit?** Dan skryf Jesaja ook in hoofstuk 58 vers 7, waar hy praat van die vas wat God verwag: **Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerwelinge in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie?** Lees Jesaja 58 verse 1 tot 12. Hoe wonderlik sal dit nie wees, wanneer ons eendag saam met ons Koning in die hemel is, om Hom aan ons te hoor sê, **Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.**

`n Vierde prioriteit in hierdie eind tye, is dat ons voorbereid moet wees vir die koms van ons Here Jesus Christus op die wolke. Ons moet gereed wees om ons Bruidegom in die lug te ontmoet, wanner die geluid van die trompet gehoor word (1 Kor. 15:52 en 1 Thess. 4:15 -17). Elke Bruid neem tyd en wend `n poging aan ter voorbereiding vir haar huwelik en ons, as die Bruid van Christus behoort opgewonde onsself reg te maak vir hierdie groot dag! Dit gaan alles oor heiligmaking en ons lees in **1 Thess. 5:23: En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!** Die Woord vertel aan ons dat ons nie die dag of uur weet van Jesus se wederkoms nie, en dit is nog meer rede vir ons om altyd gereed te wees!

My gebed is dat ons Hemelse Vader, in hierdie laaste dae, ons aanhoudend sal herinner aan hierdie deurslaggewende sake.

Ons liefde en dankbaarheid gaan uit na julle almal en ons dank julle vir jul gebedes, ondersteuning en getrouheid, wat ons in die diens van ons Hemelse Vader en ons Here Jesus Christus hou. As dit die wil van God is, het ons ons voorgeneem om ferm en onwrikbaar in ons diens aan Hom te staan totdat Hy kom, en met julle liefde en aanmoediging is ons `n span!!!

Mag die Here u ieder en elk oorvloedig seën.

Liefde groete in die wonderlike Naam van Jesus Christus.

Dr. James.

uit ons possak

My broer het op die 13 Junie 'n beroerte aanval gehad, 'n beroerte by die breinstam. Hy is hospitaal toe, en by aankoms het die dokter gesê 'n half uur later sou hy dood wees. Ons het die volgende more Stanger gebel en daar is gebid vir hom. Daar was ook gedurig 'n gebedsketting aan vir hom. Hy was lam en kon nie loop of eet nie. Hy het net gelê en hy kon nie sit, hy het omgeval as hy regop gekom het. Ons moes hom voer, hy was letterlik tot niks in staat nie. Ons het beurte gemaak om 3 keer per dag na hom toe te gaan. Na 2 weke is hy oorgeplaas na Pretoria. Oppad daarheen het hy weer twee aanvalle gehad. Daar was 'n sonar geneem van die hart, en hy het al twee hartomleidings gehad. Daar was 'n groot bloedklont in die hart. Sy niere het ook nie goed gewerk nie. Sy bene het baie geswel. Die dag van sy ontslag, bel ek Stanger en Joey antwoord, en ek vra gebed want ons is bang om my broer te vervoer met die bloed klont in die hart. Daar was daardie Vrydagoggend 'n genesingsdiens en julle het gebid. In die tussentyd is daar so op onthoud by die hospitaal en ons het ure gewag vir my broer se medikasie. Vandag weet ek waarom. Daar moes eers gebid word by Stanger, want die bloedklont moes eers verwyder word deur God voor ons kon ry. 'n Maand later met die opvolg besoek is dit wel deur 'n sonar ondersoek bevestig dat die bloedklont weg is.

Aan God al die eer vir Sy genesende krag wat vandag nog wonders werk. Aan almal by Stanger baie, baie dankie vir al julle liefde, gebede en boekies wat ek al ontvang het. My geestelike groei kom a.g.v. julle leesstof. Ek moet ook sê ek spandeer baie tyd by die Here, om regtig te hoor wat Sy plan vir my is. Ek is sommer baie lief vir almal daar.

Liefde groete
Mev M Prinsloo,

Ek wil u die wonder vertel, my man se vinger was afgesny, die middelste regterhand s`n, die een langs die pinkie se senuwees was raak gesny, en toe bestaan kans dat hy sy vinger kan verloor. Ek het die dag toe dit gebeur, u gebel en gevra om saam met my te bid. Die vinger het so aangegroei, altwee dat hy dit kan buig en reguit maak. Hy kan skaars die merk sien waar dit vas gewerk is. Ek glo dit is die gebede van almal saam, want die Here was ons baie genadig gewees. Alle eer aan Hom en ek skryf die brief dat ons die Here moet dankie sê vir die wonderwerk wat Hy gedoen het!! Alle lof en ere aan Hom. Dit is net weer bewys dat as mens saam met mekaar bid, is die Here soveel te meer daar en genadig. What a mighty God we serve!!

Liefde groete
Mev M Potgieter, Volksrust

Die aand van 3 Januarie het ek geval met my fiets. Daar was beenbesering en lelike swelsel onder my linker knie. Ek was glad nie by die dokter nie. Die oggend van die 10de Januarie bid Dr James en die span vir my. Die swelsel sak en die pyn het verdwyn, dit was net nog gevoelig. Die volgende aand het ek wonderlik geslaap.

Ek ontdek toe 'n swelsel om my linker enkel en dit is seer. Die 17de Januarie bid Dr James en die span weer vir my. Dieselfde dag verdwyn die swelsel en die seer. Hy doen groot en ondeurgrondelike dinge! Alle eer kom Hom toe.

In Mei maand het ek ook die Sentrum geskakel om te bid. My dogter het groot probleme by die werk. Soveel so dat sy haar werk kan verloor. Die Maandag word die saak uitgegooi en sy het haar werk behou. Die Here het die saak uitgesorteer. Dit wat vir die mens onmoontlik lyk is by die Here moontlik. Ek het ook op die 8ste Julie geskakel uit Monte Vista, Goodwood om vir my te bid vir die pyn in die binnekant van my bobeen. Die Here antwoord weer en raak my aan.

Ek eer Hom vir elke probleem wat Hy opgelos het en vir elke hart wat Hy 'n verandering in gebring het. Daar is niemand soos Hy nie!! Baie dankie Dr James en span vir al jul gebede wat vir my opgegaan het. Mag die Here julle almal ryklik seën in die jaar 2004 en mag Hy julle vat van krag tot krag.

Letitia, Sonlandpark

Ek wil 'n groot getuienis gee. EK het 'n gebedsversoek aan u gestuur en gevra om te bid vir die vreeslike pyn wat ek in my hak gehad het. Die dokter het pille gegee en gesê ek sal moet opgeneem word in 'n hospitaal, sodat hulle 'n inspuiting kan doen. Ek wou nie gaan nie, en het aan u geskryf. Die pyn het heeltemal verdwyn, dit is seker al 4 maande gelede, nog nooit weer pyn gevoel en al die dank en prys aan ons Hemelse Vader. Dankie vir u gebede.

Mev P Rheeder, Krugersdorp

Baie, baie dankie dat u en almal by die Sentrum saam met ons bid. Verlede jaar April het ek aan u geskryf en gevra dat u saam met ons moet bid i.v.m. ons finansies. Ons het ook ons voertuig verloor, maar ons Hemelse Vader was getrou en genadig Hy het ons gebede beantwoord. Die jaar het skaars begin en ons salaris het vier dubbeld vermeerder en ons het 'n voertuig persent gekry. Prys ons Hemelse Vader!!

Mev A Botes, Colingy

Ek wil graag alle eer en dank aan die Here gee vir my genesing. Ek was toe weg vir my uitslae. Prys die Here! Toe Prof. met my biopsie uitslae kom, sê hy vir my, "Gaan geniet jou lewe." U weet ek spring net daar in die spreekkamer, en sê net "Dankie, baie dankie Here!!" Hy sê toe vir my dit is net 'n veluitslag wat weer op 'n tyd sal weggaan. Toe kan ek net alle prys aan Hom toe gee. Ons kan net dankie sê aan die Here Jesus, want dis Sy Genesende Hand wat die wonderwerk verrig het. Dan wil ek

(Vervolg op Bl. 7)

(Vervolg vanaf Bl. 6 - UIT ONS POSSAK)
ook baie dankie aan julle toewys by die Sentrum vir al julle ondersteuning en gebede wat uitgegaan het. Dankie dat julle altyd daar is vir ons versoeke en te bid daarvoor. God seën u en die Sentrum.

Mej E D Heineberg, Kraaifontein

Ek wil aan almal by die sentrum sê dankie vir julle voorbidding. In Oktober het ek gevra vir voorbidding, dat ek sal ophou rook. Ek prys die Here en gee Hom al die eer!! Hy het my gelei tot by die doopbad, en het my skoon gewas. Die Here het my verlos van die sigarette. Die Here is my Herder, my Vader en Leidsman. Ek het ook November gevra vir voorbidding vir my twee seuns en my vriendinne se kinders vir die eind eksamen, en weereens het die Here Sy Genadiglike Hand oor ons gehou. Die kinders het almal geslaag. Dankie Here! Waarlik Here Jesus lewe, en wonderwerke gebeur vandag nog, want ons aanbid die Magtigste God!

Mev C Venter, Uitenhage

Ongeveer ‘n maand gelede het ek aan u geskryf om vir my te bid vir ‘n maag probleem wat ek omtrent vir ‘n jaar aan gely het. Dit is wonderlik om te kan getuig dat die Here my aangeraak het. Ek het die 31ste Januarie laas ‘n aanval gehad en ek glo dat ek volmaak gesond is.

Die Here is getrou en Hy is nog dieselfde, gister, vandag, en tot in alle ewigheid. Prys Sy Naam. Ek bid vir u en u helpers, mag die seën van die Here op u bediening rus. My gebed is dat die vrede van die Here wat alle verstand te bowe gaan u hart en u sinne bewaar, in Christus Jesus. Nogmaals baie dankie.

“...weereens het die Here Sy Genadiglike Hand oor ons gehou. Die kinders het almal geslaag. Dankie Here! Waarlik Here Jesus lewe, en wonderwerke gebeur vandag nog, want ons aanbid die Magtigste God!”

Mev G du Preez, Matlosane.

Ek het vir my bediende, Josefine laat bid. Sy het gesukkel (vir ‘n jaar lank) om haar huis te verkoop en het die geld baie nodig gehad. Ek het ‘n versoek ingestuur dat julle saam met ons bid. Prys ons Hemelse Vader, binne ‘n week is haar huisie verkoop, sonder advertensies, en 90% van die geld is klaar uitbetaal. Ons God is groot!! Baie, baie dankie vir julle gebede! Seën vir julle almal daar.

Mev N van Niekerk, Heidelberg

True faith and courage are like a kite—an opposing wind raises it higher.

But they that wait upon the LORD shall renew their strength; they shall mount up with wings as eagles; they shall run, and not be weary; and they shall walk,

Ek beveel die volgende videos ten strengste aan.

1. **“Israel in the New Testament”** - Part 1, Part 2 and Part 3 by DAVID PAWSON
2. **“Replacement Theology—where do you stand?”** by MALCOMB HEDDING

Dit is alleenlik beskikbaar by
KERUGMA PRODUKSIES,
POSBUS 1367,
KUILSRIVIER
7579
Tel: (021) 9031901

Spesiale GENESINGSDIENSTE by die Christelike Sentrum op die volgende

16de en 30ste April
14de en 28ste Mei

Genesingsdienste begin om 8.30vm.
Vir onvoorsiene kansellasies, skakel ons asseblief vir bevestiging van dienste op bogenoemde datums. Verstrek ook asseblief u naam en telefoon-nommer ingeval dit nodig is dat ons u moet kontak om ander reëlings te tref.

HOW TO PLACE AN ORDER:
Please indicate the books you require by marking the block next to the title. Then either deposit the amount directly into the banking account (and fax deposit slip and order), or send a crossed cheque or postal order together with your order to us. **NB: PLEASE INDICATE YOUR INITIAL, SURNAME AND TOWN IN THE "REFERANCE" SECTION ON THE DEPOSIT SLIP**

English Books-R4.00

☐ 46 The Accuracy of the Quran?
☐ 55 Christianity or Islam:You decide
☐ M17 What on earth is this Kingdom Theology
☐ M18 Who is part of the Anti-Christ?
☐ M22 Is it right to Judge?
☐ M24 What's the world coming to?
☐ M28 How should a Christian Pray?
☐ M31 Deception in the Name of the Holy Spirit
☐ M32 From the Garden to the Cross
☐ M37 The Dangers of Martial Art
☐ M40 Jesus was not in hell
☐ M44 Prayer and Fasting
☐ M45 Easter and Christmas
☐ M47 The Name of our God
☐ M50 Charismatic Witchcraft
☐ M52 The laughing spirit explained
☐ M53 The Real Christian Church and the Misled Christian Church
☐ M56 Victory over the devils attacks
☐ M57 Healing and the Occult
☐ M58 Why must I be Born Again
☐ M59 Is Divine Healing For All
☐ M60 How Great is your God
☐ M61 Faith as a Mustardseed
☐ M62 What does God expect of the family

English books-R8.00

☐ 16 God's will for the Healing
☐ 30 Restoration of Praise
☐ 31 Experience the Holy Spirit
☐ 32 Lord's Table and Healing
☐ 33 Baptism and Tradition
☐ 34 God desires to Heal you
☐ 35 Free from fear
☐ 37 The Church en route to perfection
☐ 40 Know your enemy
☐ 41 Testimonies – Vol. One
☐ 43 A Successful Marriage
☐ 49 Error after Revival
☐ 58 Jesus shows the way to Heaven
☐ 61 What does God demand
☐ 62 How to bury the past

Tapes-Dr JJ van Zyl—R10.00ea

☐ A6 So send I you
☐ A7 Knowing the Will of God
☐ A8 How to receive your Healing
☐ A11 Healed by the Stripes of Jesus
☐ A12 Ministering to the Sick
☐ A13 Only Believe
☐ A15 The Lord's Table and Healing
☐ A16 How to Pray to get results
☐ A18 Beware of Job-comforters
☐ A19 Testimony of Dr. van Zyl
☐ A20 Biblical Faith
☐ A22 The Power of God
☐ A24 Why Religion does not work
☐ A25 The Faithfulness of the Father
☐ A28 He is Risen
☐ A30 Healing through the Cross
☐ A33 Holy Cows of religion
☐ A34 The Unlimited power of God's Word

Tapes-Various Speakers—R10

☐ D1 The Catholic Church-Dr. Wilson
☐ D7 The Accuracy of the Quran?
☐ D28 Smokescreens
☐ D29 Christianity in Crisis1-H.Hanegraaff
☐ D30 Christianity in Crisis2-HHanegraaff
☐ D32 God's Promise -Restoration (D.Gericke)
☐ D33 Pentacost/Shavuot - D.Gericke
☐ D35 Overcoming Fear - Meg van Zyl
☐ D36 Freed from Fear - Meg van Zyl
☐ D38 The Presence of God – DGericke
☐ D39 Promise Keepers
☐ D42 Heart Pleasing to God - (D.Gericke)
☐ D43 Passover - D. Gericke
☐ D44 Ressurection of Jesus - D.Gericke
☐ D45 Don't die in your sin - D. Gericke
☐ D46 Be strong and courageous - (D. Gericke)

BANK DETAILS
Stanger Christian Centre
First National Bank,
Acc No. 53730091667,
Branch code: 220129
Branch: Stanger
Fax no (032) 552 5411

HOE OM TE BESTEL:
Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. **LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE**

Afrikaans Boeke-R8.00 elk

☐ 3-God wil jou genees
☐ 5-Die Tweesnydende Swaard
☐ 6-Oorwinnaarstaal
☐ 7-Ken jou Vyand
☐ 8-nnerlike Genesing
☐ 9-Bybelse antwoorde oor Genesing
☐ 10-Ondervind die Heilige Gees
☐ 11-God se Wil oor siekte
☐ 12-Die Christen en Job
☐ 13-God eis 'n Heilige Lewe
☐ 14-Vry van Vrees
☐ 15 -Verloor gewig volgens God se Instruksies.
☐ 17-Geloofsbrood vir die Somer
☐ 18-Geloofsbrood vir die Herfs
☐ 19-Waarom sommige nie Genees word nie
☐ 20-Geloofsbrood vir die Winter
☐ 21-Geloofsbrood vir die Lente
☐ 22-Soldaat wees vir Jesus
☐ 23-Laat dieWoord lewe (Bybelstudie bk 1)
☐ 24-Slaankrag in Lofprysinge
☐ 25-Kerk oppad na Volmaaktheid
☐ 26-Die Nagmaal en Genesing
☐ 29-Wat moet ons doen Broeders
☐ 36-'n Suksesvolle Huwelik
☐ 38-Getuinesse – Vol Een
☐ 39-Getuinesse – Vol twee
☐ 42-Getuinesse – Vol Drie
☐ 44-Die Karakter van God
☐ 45-Die Groot Verleier
☐ 47-WaaromBybel- Enigste Woord
☐ 51-Die Feestye van die Here
☐ 52-Die Wederkoms van Christus in Daniel
☐ 57-Jesus Wys die Pad na die Hemel
☐ 59-God se Ewige Plan vir Israel
☐ 60-Misleiding - Naam van die Heilige Gees.

Mosterdsaad Boekies-R4.00 elk

☐ 2-Geloof soos 'n Mosterdsaad
☐ 4-Paulus se doring in die Vlees
☐ M1-Waarom moet ek Weergebore Word?
☐ M2-Is Goddelike Genesing vir almal?
☐ M3 -Hoe kan ek my finansies verbeter?
☐ M4-Wat verwag God van die Huisgesin?
☐ M5-Kan woorde jou lewe regeer?
☐ M6-Wat sê Woord van God oor die doop
☐ M7-Hoe kan ek verlos word van vrees?
☐ M8-Krag in die doop in die Heilige Gees
☐ M9-Hoe moet ek bid?
☐ M10-Kan ek die duiwel se aanvalle oorwin?
☐ M11-Hoe kan ek my erfenis in besit neem?
☐ M12-Wat is die Verbond?
☐ M13-Wat is die New Age?
☐ M14-Hoe Groot is jou God?
☐ M15-Wie veroorsaak rampe en siektes
☐ M16-Wat is die gevare van Karate?
☐ M21-Mag 'n Christen Oordeel?
☐ M23-Genesing en die Okkult
☐ M26-Wat gaan met hierdie wêreld aan?
☐ M27-Die Drie-Enigheid van God
☐ M29-Wat is die ware Bybelse geloof?
☐ M33-Besluite
☐ M34-Van Edentuin tot by die Kruis
☐ M38-Laat God siekte toe?
☐ M39-Krag van God:Jesus Christus Gekruisig
☐ M40-Jesus was nie in die hel nie!
☐ M41-Hoe belangrik is die Ou en Nuwe Testament van vandag?
☐ M45-Paasfees en Kersfees
☐ M46-Die Naam van ons God
☐ M48-Die Egte en Misleide Christelike Kerk
☐ M49-Wat is die Islam Geloof?
☐ M51-Waarvandaan kom Die-lag-in-die-Gees?
☐ M54-Die Bybel en Siektes
☐ M55 -Vas en Gebed

Bande deur Dr James-R10.00 elk

☐ A1-Die gesag van die gelowige
☐ A2-Ontdek God se Wil
☐ A3-Oorsprong van Christelike Kerke
☐ A9-God die Heilige Gees
☐ A14-Nagmaal en Genesing
☐ A17-Genesingsdiens by die Sentrum
☐ A21-Getuienis van Dr. van Zyl
☐ A23-Die Eenvoud van die Bybel
☐ A26-Struikelblokke (Nr 1 en 2)
☐ A27-Waarom is daar geen oorwinning nie
☐ A31-Die Antwoord vir ons Hoekoms en Waaroms
☐ A32-Die waarheid sal jou vrymaak

Boeke-ander skrywers

☐ 63-Die verbondsteologie in die regte perspektief (Dr Martin Gunther) R8.00

Bande –ander sprekers-R10.00

☐ D3 Die Doop 'n Bekeerde Dominee
☐ D19 Genesingsgetuienis van 'n Mediese Egpaar
☐ D27 Rookskerms
☐ D31 Toronto Blessing – Waar of Vals
☐ D37 Toronto Beroering in die kerk – Pst Horak

BANK BESONDERHEDE
Stanger Christelike Sentrum
Eerste Nationale Bank
Rek No. 53730091667,
Takkode: 220129
Tak: Stanger
Faks no (032) 552 5411

If you would like to receive a free copy of Faith in the Word, or place an order, please complete the following and return to us by fax/post.

Name: ……...……..……Surname:… ……..……

Address: ……Code: ……..…..

' NEWSLETTER ' CHEQUE ' BANK DEPOSIT ' P/ORDER

Total: R……

Indien u 'n gratis nuusbrief of 'n bestelling wil plaas, vul asseblief die strokie in met u volledige besonderhede en pos of faks dit aan ons.

Naam: ……...……..……Van: ……..……

Adres: ……..……Kode: ……..…..

' NUUSBRIEF' TJEK ' BANK DEPOSITO ' POSWISSEL

Totaal: R……